

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 3/2021**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 3/2021**

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Dit is die laaste nuusbrief van die jaar. Almal wat hierdie stukkie lees, sal in die geskiedenis bekend staan as getuies van die COVID-pandemie. Ek wil egter nie iets daaroor skryf nie, maar eerder die positiewe oomblikke wat ek die laaste paar weke beleef het, oorvertel.

Vandag was ek bevoorreg om die Werksvoorbereiding se "gradeplegtigheid" by te woon. Dit was so wonderlik om soveel stralende en opgewonde gesigte te sien. Leerders wat sewe, agt jaar gelede so onseker was en wat nou so volwasse en blinkoog die toekoms ingaan – wonderlik om te weet Paarl-skool het 'n reuse aandeel daaraan.

Dan het ek ook 'n "hartsoomblik" gehad toe ek die gang afstap en 'n seuntjie kry wat my trompoploop en sê: "Ek gaan nóú na meneer toe kom!". Kort op sy hakke was 'n klasassistent wat hom meedeel: "Toe, sê vir meneer hoekom jy na hom toe gaan!". "Meneer ek was stout!", het hy spontaan uitgeroep.

Ek het hom diep in die oë gekyk en gesê dat my hart nou baie seer is. Hy het vir 'n oomblik verstyf, my stormgeloop, vasgedruk (COVID!) en gesê: "Ek sal dit nóóit weer doen nie!" Tot nou toe weet ek nie wat dit was wat hy verkeerd gedoen het nie, maar my oë was klam en sy berou opreg.

**"THAT IS WHY I TEACH!"**

My wens vir u in die Kerstyd is om weer by die **krip** uit te kom sodat ons die **kruis** van Jesus weer kan sien.

Ek sluit af met die engele spreekkoor in Lukas 2:14, "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir almal in wie Hy 'n welbehae het!"

Groete

Stoffel Kruger



## Hoofleiers

VIR 2021

BAIE Geluk!



Shane Nanongkham



Margot Conradie

# Prefekte 2022

Baie geluk aan die volgende leerders met hul verkiesing as prefekte vir 2022. Ons glo dat julle 'n goeie voorbeeld sal stel waarop ons trots sal wees.



Alexander Clemitson | Thalita Myburgh | Nathan Hanekom | Joalet Viljoen | Blake Walklett



Jacqueline Blou | Matthew Sadoucas | Taylor Fabrick | Heinrich Swanepoel | Lené Lawrence

# Prestige-dag

Paarl-skool het op 4 November 2021 ons leerders vereer vir hul harde werk en prestasies. Ons het 'n pragtige Prestige-dag gehad en die leerders het hul verskeie toekennings met trots ontvang.











# Sport

Geluk aan Molemo Mphomelo met die verwerwing van sy Westelike Provinsie en SA O/23 kleure in Rolstoelbasketbal. Die span staan bekend as die AmaWheelie Boys.






Elanza Jordaan (een van ons fasiliteerders) het deelgeneem aan 'n Interprovinsiale Boccia kompetisie in Bloemfontein vanaf 23-24 Oktober 2021. Sy was die wenner, met goud, in haar Boccia BC3 klassifikasie. Baie geluk Elanza en Sandrè! Paarl-skool is trots op julle.

Op 3 November 2021 hou ons vir die eerste keer in byna 2 jaar 'n mini atletiek byeenkoms waar die atlete van Tafelberg en Jan Krielskool teen ons meegeding het.







# Kultuur

Die "Courage Eisteddfod" vir spesiale behoeftes is hierdie jaar geloods. Ons leerders het uitstekend gevaar in die Kuns en Handwerk afdelings.





**Courage Eisteddfod**
69 Inskrywings
**Kuns:**
7 kategorie wenners, 21 goud, 25 silwer, 14 brons
**Handwerk:**
1 kategorie wenner, 6 goud, 3 silver


Dertig van ons leerders vanaf Gr.1 - 9 het ingeskryf by die Paarl Vallei Eisteddfod vir Visuele Kunste. Die resultate was uitstaande: 3 Cum Laude, 15 goud, 10 silwer en 2 brons. Baie geluk aan al die leerders en veral Lené Lawrence Gr.8, Libu Tongo Gr.7 en Caroline Peckham Gr.5 met hul Cum Laude toekennings. Paarl-skool is super trots op julle!














# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Ons Voorskoolse leerdertjies het so lekker gespeel en gewerk hierdie jaar, dat hul nie besef het dat die jaar 2021 al amper weer verby is nie! Ons sien almal uit na die lekker lang somervakansie wat voorlê.








## Grondslagfase

**"Die rol wat jy moet speel is so uniek en pragtig soos 'n sneeuvlokkie en een wat net jy kan vul".**

Dit was die boodskap aan ons leerders in die Grondslagfase tydens hul prysuitdeling. Ons het ook afskeid geneem van ons Graad 3 leerders tydens 'n onvergeetlike gradeplegtigheid. Ons as opvoeders in die Grondslagfase was bevoorreg om hulle te sien groei en ontwikkel en wens hulle sterkte toe wanneer hulle 'n nuwe fase in hul skoolloopbaan betree. Ons is trots op hulle en op wat hulle die afgelope 3-4 jaar bereik het!

Ons sê ook baie dankie aan ons klasassistente en fasiliteerders. Dit is hulle hulp en liefde wat ons kleintjies help om hul drome tot anderkant die reënboog na te streef.






## Junior Praktiese Fase

Dis elwe, liggies, engeltjies, sterre, kersbome, takbokke en natuurlik volgepakte boksies vol lekkernye. Ons gaan mos altyd groot met ons Kerspartytjies in die Praktiese Fase. Volgens streng Covid-protokol, sit ons by ons tafels en wikkel op die maat van "Jingle Bells" en "I wish you a Merry Christmas". In ons fase hou ons mos van dans – al is dit op stoele. Daar word geëet, gesels en gegiggel. In die Praktiese Fase vier ons Kersfees met gees!







# Intermediêre Fase

**2021 in 'n neutedop!**



**Graad 4**

Mienette: "My jaar is die beste en ek is so lief vir skool en my vriende. Juffrou Elsabé is die beste en die mooiste. Ek is lief vir die skool en sal altyd wees."

Addelé: "Ek kon hierdie jaar kuns gedoen het. Ek het baie daaruit geleer en ek het baie daarvan gehou."

**Graad 5**

Shanique : "Dit was 'n baie lekker jaar. Ek het dit baie geniet - ek kon saam met my maats speel en sport was ook baie lekker. Skool het my baie gehelp met alles. Die onderwysers is gaaf en help my elke dag."

Wikus: "Dit was 'n baie lekker jaar, party dae was lekkerder en ander was sleg. Die slegte dae was die dae wat ek Covid-19 gehad het. Hierdie jaar by die skool was ek baie gehelp deur die klein laptoppie te gebruik vir my skoolwerk. Skool is lekker met my vriende by my. "

**Graad 6**

Marieta: "Dit was vir my baie lekker in Graad 6, al die Juffrouens en meneer Kevin was so snaaks en vriendelik. Hulle het my baie mooi gehelp. Die Coronavirus was aaklik, maar ek is so bly dat die Here by ons was. Ek gaan almal baie mis en ek is baie opgewonde vir volgende jaar in Graad 7."

## Senior Fase

Na 'n uitdagende jaar vir die leerders kan ons uiteindelik sê die einde is hier. Ons kan met dankbare harte sê dat hierdie jaar goed was. Van bang en benoude Graad 7's wat hier ingestap het, onseker oor wat in die Senior Fase op hulle wag, na leerders wat gereed is om die uitdagings van Graad 8 en 9 in die oë te staar. Die graad 9's het stadig maar seker gereed gemaak om die bekende vir die onbekende te verruil met die wete dat Paarl-skool hulle al die goeie waardes geleer het en dat hulle as trotse leiers hier kan uitstap. As deel van die Ekonomiese- en Bestuurswetenskap-kurrikulum het die klasse teen mekaar meegeding om pragtige tuine te skep. Geluk aan Graad 7A wat aangewys is as die klas wat die mooiste tuin tot stand gebring het. Ons het hard gewerk deur die jaar, maar die prettige oomblikke is wat skool vir die leerders lekker maak.



## Senior Praktiese Fase Werksvoorbereiding

Die vierde kwartaal word gekenmerk deur groot geleenthede vir ons skoolverlaters in die Senior Praktiese Fase. Op 29 Oktober 2021 het ons hulle laaste 30 dae van skool gevier en op 25 November 2021 het ons hulle tydens 'n gradeplegtigheid geëer vir jare se harde werk. Ons beste wense vergesel hulle vir die toekoms. Ons gaan hulle baie mis.



# Koshuis



Kersfees is liefde in aksie! Die koshuis het groot pret gehad by hulle jaarlikse Kerspartytjie. Die opgewondenheid was groot en die glimlagte nog groter.









# Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Paarl-skool Ontwikkelingstigting (PSOS) kyk met nederige dankbaarheid terug oor die finansiële ondersteuning wat ons gedurende 2021 geniet het ten spyte van die ekonomiese en finansiële uitdagings. ‘n Groot dankie aan elke donateur wat ons voortgesette ondersteuning aan Paarl-skool moontlik gemaak het.

Die PSOS, as ‘n onafhanklike nie-winsgewende organisasie, is in 2009 gestig met die uitsluitlike doel om fondse in te samel ter finansiële ondersteuning van Paarl-skool. Die uitgebreide diens wat Paarl-skool bied aan leerders met spesiale behoeftes, maak dit duur in verhouding tot normale skole. Ondervinding toon ook dat meer en meer ouers, as gevolg van die ekonomiese omstandighede, nie meer in staat is om ‘n bydrae tot skool- of busfonds te maak nie, wat die finansiële druk op die skool vergroot.

Die hoof bron van inkomste van die PSOS kom vanaf korporatiewe donateurs wat die skool goedgesind is, maar ontvang die PSOS ook inkomstes uit maandelikse bydraes deur individue wat lid is van Klub 100, inkomstes uit My School kaart, spesiale kollektes by kerke, boedelnalatings en spesifieke fondsinsamelingsprojekte. Ouers en vriende van die skool kan betrokke raak deur My School kaarte te gebruik (die PSOS verdien kommissie op aankope by deelnemende winkels), te bemark, deur mense te werf vir Klub 100 om vir een jaar maandeliks ‘n vaste bedrag te skenk en om bewustheid te skep rondom boedelnalatings.

Mev. Martie Wilmot beman die kantoor as voltydse werker en die PSOS word deur ‘n komitee van 6 lede bestuur. ‘n Groot behoefte bestaan om die ledetal uit te brei en ons vra dat u dit sal oorweeg om by ons aan te sluit indien u geroepe voel om ‘n bydrae te lewer.

Ons wens u ‘n geseënde feesgety toe en mag dié van ons wat Kersfees vier, dit as ‘n ware Christusfees beleef.